

Braaidag by Huis Bron-van-Heil



Dinsdag 24 September 2019 was dit weer tyd vir die jaarlikse Hoogte Boerevereniging-braai vir Braaidag by Huis Bron-van-Heil. Die mans en vroue van Hoogte Boerevereniging het die inwoners bederf met braaivleis, bykosse en natuurlik roomys om die ete mee af te rond. Daar is heerlik in die tuin om die braaivleisvure saam gesels, gelag en staaltjies vertel. Die dag sal ook nie dieselfde wees as daar nie snoeker saam met die manne van die tehuis gespeel word nie. Daar word uitgesien na Erfenisdag 2020! Op die foto links: Lede van Hoogte Boerevereniging. Op die foto regs: Agter vl: Hennie Roets, Claas Cilliers, Willie van Tonder, Jeff Roos, Hans Botes en Sharky Kühn. Voor: Helgard Claassen.

VF Plus begin projek om inwoners van Vanderbijlpark te bemagtig

• Gerda Senekal
VF Plus-raadslid

Die VF Plus in Vanderbijlpark begin eersdaags met 'n gemeenskapsprojek om mense meer te leer oor onder meer noodhulp, brandbestryding en veiligheid in

en om die huis.

Die program sal oor 'n paar maande strek en kundiges sal die kort kursusse gratis aanbied.

Mense wat daarin belangstel om meer hieroor te wete te kom, kan gerus vir Gerda Senekal skakel by 076 616 2124.

Suksesvolle veilings aangebied



Op Vrydag 13 September 2019 het Preiss en Kock Merinos hul 10de produksieveiling gehou te Frankfort, Royal Auction. Dit was 'n ongelooflike dag met 100% verkope op die ramme, wat alles te danke is aan die besondere kwaliteit van die diere. Die duurste ram (lot 10) was verkoop aan mnr Willem Bester van Heilbron vir R20 000. Die gemiddeld op die ramme was R9 578. BKB Louwid bedank al die kopers vir 'n suksesvolle en lekker dag. Op die foto vl: Wentzel Voster (BKB Louwid); Freddy Kock (verkoper, Preiss en Kock); Reinhardt Kock (verkoper, Preiss en Kock); Willem Bester (Koper); Jan Mostert (BKB Louwid Afslaer); Danie De Wet (BKB Skaap en wol beampte).



Op Dinsdag 10 September het Eversar Sussex Senepol & Calcrete Senepol Stoet hul 28ste produksieveiling gehou te Petrus Steyn, Georgeplaas. Dit was 'n goeie dag in die ring met die duurste Sussex bul (lot 3), wat verkoop is vir R80 000. Die gemiddeld op die Sussex bulle was R37 916. Daar was 100% verkope op die Senepol bulle wat 'n gemiddeld van R32 000 behaal het. BKB Louwid bedank alle kopers vir 'n suksesvolle dag.

KOM WYS JY IS TROTS

EGTE SPRINKGBOK WERELBEKERT-HEMDE R199

BESTEL NOU GROEN S - 5XL VOORRAAD IS BESKIBAAR BY

Heilbron Herald

The Back to School **ADVENTURE** BEGINS WITH **OFFICE NATIONAL**

This offer is valid until 31 January 2020
058 852 3033 | heraldoffice@heilbron.co.za